testpapers.co.za

education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 10

## GESKIEDENIS

## NOVEMBER 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting uit bronne verkry<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid, en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- Daar word van leerders verwag om 'n standpunt in te neem wanneer 'tot watter mate' vrae beantwoord word om enige punte te verwerf.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.

- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  ____________•____________________•_____________________
  ____________________•________________________•_________
  _____________________•______________________ ✓✓✓✓

  Vlak 2

  Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.
- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv.

  32/50

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoorde-boek oorgedra word.

Kopiereg voorbehou 

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

### 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer | ^ |
| • Verkeerde stelling | __________________ |
| • Irrelevante stelling | \| <br> │ |
| • Herhaling | R |
| • Analise | A√ |
| • Interpretasie | 1√ |

### 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

Kopiereg voorbehou 

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50**

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is. | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag onbereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

*** Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:**
- Vraag glad nie beantwoord nie/ totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WAT SE TRANSFORMASIES HET NA 1750 IN SUIDER-AFRIKA PLAASGEVIND WAT TOT DIE UITBREIDING VAN SUIDER TSWANA-HOOFMANSKAPPE GELEI HET?

1.1

1.1.1 [*Uittreksel van bewyse uit Bron 1 A – V 1*]
- Suid-Tswana (1 x 1) (1)

1.1.2 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 1 A – V 1]
- Sorghum
- Giers
- Beeste (3 x 1) (3)

1.1.3 [*Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron* 1 A – V 2]
- 'n Groot gebied wat permanent deur 'n sekere groep mense bewoon word
- 'n Plek waar mense hul daaglikse aktiwiteite kan verrig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 1 A – V 1]
- Grasdakke
- Vuur vir kook
- Vuur vir pottebakkery
- Vuur vir ystersmelting (enige 3 x 1) (3)

1.2

1.2.1 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 1 A – V 1]
- Geskrewe rekords
- Argeologiese bewyse (2 x 1) (2)

1.2.2 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 1 A – V1]
- Moslem handelaars
- Portugese handelaars
- Khoi-handelaar (3 x 1) (3)

1.2.3 [*Evaluering van die bruikbaarheid van Bron* 2 B – V 2]

**Die Bron is NUTTIG want:**
- Dit verskaf inligting oor hoe die Tswana-geskiedenis ontdek is
- Dit verskaf die name van verskeie stamme wat met die Tswana-mense handel gedryf het
- Dit noem die handelsitems wat tussen die Tswana-mense en ander stamme uitgeruil is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron* 1 B – V 2]
- Sommige hoofmanne het ryk geword as gevolg van hul beheer oor handelskakels
- Mense het by ander hoofmanskappe aangesluit vir beskerming
- Goeie reën gedurende hierdie tydperk het meer weiveld beskikbaar gestel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 [*Interpretasie van bewyse uit Bron* 1 C – V 2]

a) Vrouens
- huistake verrig
- gekook
- bier gemaak
- na die kinders gekyk
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

b) Mans
- vergaderings bygewoon (kgotla)
- beesherders
- geboer
- handel gedryf
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron* 1 C – V 2]
- Daar was so baie huise in Dithakong gebou
- Dithakong was een van die groot nedersettings met ‘n hoë bevolking
- Die nedersetting het vinnig gegroei om baie mense te akkommodeer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.3 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 1 A – V 1]
- Klippe
- Gras (dekgras) (2 x 1) (2)

1.4

1.4.1 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 1 D – V 1]
- Angola
- Mosambiek
- Die Kaap (3 x 1) (3)

1.4.2 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 1 D – V 1]
- Droogte wat boerdery en weiveld verminder het
- Mededinging vir skaars hulpbronne (2 x 1) (2)

1.4.3 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 1 D – V 1]
- Dithakong
- Molokwane (1 x 1) (1)

1.5 [*Vergelyking van inligting uit Bronne* 1 C en 1 D – V 3]
- Bron 1 D word deur Bron 1 C ondersteun, aangesien beide bronne verduidelik/wys hoe Dithakong, in die 1820’s, ‘n groot nedersetting geword het
- Bron 1 D word deur Bron 1 C ondersteun, aangesien beide bronne Dithakong, as ‘n plek waar baie aktiwiteite plaasgevind het, weerspieël, bv. handeldryf
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante Bronne* – L3]
Leerders kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

In reaksie op hierdie vraag word van die leerder verwag om die Tswana-volk se leierskapstyl, lewenstyle en hul handelstelsels te verduidelik.

- Die Stamhoofde het 'n adviserenderaad gebruik om die nedersetting/dorp te bestuur (eie kennis)
- Tswana-mense het klippe, in plaas van hout, gebruik om hul opstalle (huise) te bou. Hout is as 'n bron van energie gebruik om vuur te maak om die daaglikse aktiwiteite van die Tswana-volk te onderhou (1 A)
- Die gebruik van klip was omgewingsinvol aangesien dit die hout bewaar het (1 A)
- Handelskakels het met ander stamme ontstaan; die Khoi in die Kaapkolonie, die Portugese in Angola en Mosambiek en Moslem (1 B and 1 D)
- Sommige stamhoofde het baie ryk geword as gevolg van hul beheer oor die handelsroetes, en hoofmanskappe het begin groei namate meer mense by hulle anngesluit het (1 B)
- Dithakong was een van die Tswana-nedersettings wat baie groot was en duisende mense geakkommodeer het (1 C)
- Tswana-nedersettings was groot met bevolkings van meer as 20 000 mense (eie kennis)
- Droogte en kompetisie vir skaars hulpbronne het daartoe gelei dat hoofmanskappe alliansies met mekaar opgebou het vir beskerming. Dithakong en Molokwane is goeie voorbeelde van groot Tswana-nedersettings (1 D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **Toon geen of min begrip vir die Tswana-mense se leefstyle of handelskakels**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0-2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **Toon 'n mate van begrip vir die Tswana-mense se leefstyle of handelskakels**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige wyse om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3-5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van die Tswana-mense se leefstyle en handelskakels**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6-8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WET OP GROND VAN 1913 DIE GRONDONTEIENING ONDER SWART SUID-AFRIKANERS VERSKERP**

2.1

2.1.1 [*Definisie van 'n historiese begrip uit Bron* 2 A – V 1)
- Grondonteiening van die swart Suid-Afrikaners deur die blanke minderheidsregering
- Die Wet wat die grondslag vir Apartheidswette neergelê het; armoede vir die swart Suid-Afrikaners
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.2 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 2 A – V 1]
- Die druk van die polities, magtige blanke boere (1 x 2) (2)

2.1.3 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 2 A – V 1]
- Die Wet het minder as 7.5% Suid-Afrikaanse grond, as reserwes vir swart Suid-Afrikaners opsy gesit, om grond te koop
- Die Wet het gestipuleer dat swart Suid-Afrikaners nie meer grond buite die reserwes kon koop nie. Hul kon ook nie langer grond buite die reserwes huur of vir deelboerdery gebruik nie (2 x 1) (2)

2.1.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron* 2 A – V 2]
- Die Wet het swart Suid-Afrikaners gedwing om in die oorvol reserwes te woon
- Die Wet het swart Suid-Afrikaners gedwing om hul vee goedkoop aan blanke boere te verkoop
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.1.5 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 2 A – V 1]
- Hulle is verhoed om met blankes mee te ding en hul het loonarbeiders of arbeidshuurders geword (1 x 2) (2)

2.1.6 [*Interpretasie van bewyse uit Bron* 2 A- V 2]
- Die 1913 Wet op Grond is op so manier bekragtig dat dit die moontlikheid vir swart Suid-Afrikaners om kommersiële boere te word, verhoed het
- Dit het ook die moontlikheid van swart Suid-Afrikaners, wat met Blanke boere meegeding het, verhoed om hul landbou-aktiwiteite uit te brei
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 2 B – V 1]
- Die 1913 Wet op Grond weerspieël die sosio-ekonomiese onreg van Apartheid in Suid-Afrika (1 x 1) (1)

2.2.2 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 2 B – V 1]
- Stem saam, swart en blanke Suid-Afrikaanse boere het oeste en winste van landbou-aktiwiteite gedeel (1 x 2) (2)

2.2.3 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 2 B – V 1]
- Swart Suid-Afrikaners kon nie langer grond buite 'n sekere gebied (reserwes) koop of huur nie
- Swart Suid-Afrikaners kon nie langer winste van landbou-aktiwiteite deel nie; hulle het hul inkomste verloor
- Hulle was gedwing om, rondom myngebiede in Suid-Afrika, trekarbeiders te word (1 x 3) (3)

2.2.4 [*Vergelyking van inligting uit Bronne* 2 A en 2 B – V 2]
- Beide bronne dui dat swart Suid-Afrikaners tot 7.5% van Suid-Afrika se grond beperk was
- Beide bronne dui dat swart Suid-Afrikaners nie land buite die reserwes kon koop of huur nie
- Beide bronne verduidelik dat swart Suid-Afrikaners, deur die 1913 Wet op Grond, tot armoede veroordeel is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 2 C – V 1]
- Hulle het in die ossewa geslaap
- Hulle het langs openbare paaie geslaap (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 2 C – V 1]
- Die familie moes onder die dekmantel van die duisternis van die nag 'n graf grawe (1 x 1) (1)

2.3.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron* 2 C – V 2]
- 'n Onskuldige kind, moes in die geheim, op 'n ander man se land begrawe word
- Kriminele het die reg gehad om begrawe te word, maar 'n onskuldige was die reg op 'n waardige begrafnis ontneem
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.3.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron* 2 C – V 2]
- Die boodskap gaan oor die pyn en lot van die Kgobadi gesin
- Dit gaan oor hoe die 1913 Wet op Grond dit vir die Kgobadi gesin moeilik gemaak het om hul kind te begrawe
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 [*Uittreksel van bewyse uit Bron* 2 D – V 1]
- Die 1913 Wet op Grondbesit
- Gedwonge uitsettings (enige 1 x 1) (1)

2.4.2 [*Evaluering van die bruikbaarheid van Bron* 2 D – V 2]
**Die Bron is nuttig:**
- Dit dui die datums waarop die 1913 Wet op Naturelle Grondbesit ingestel is en wanneer dit afgeskaf is
- Dit dui die pyn en swaarkry wat swartgesinne gely het
- Dit dui ook hoe die huidige demokratiese regering die kwessie van grond hanteer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.5 [*Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne* – V 3]

**Leerders kan die volgende punte in hul antwoord insluit:**

- Die Wet op Naturelle Grondbesit was in 1913, deur die Unie-Regering, onder die voorwendsel om eenvormigheid op grondkwessies in al die provinsies te bring, bekendgestel (eie kennis)
- As gevolg van ongelukkigheid om met swart Suid-Afrikaanse boere mee te ding, het blanke boere die regering versoek om swart grondbesit in Suid-Afrika te beperk (2 A)
- Die Wet het 7.5% grond vir reserwes opsy gesit, waar swart Suid-Afrikaners kon woon en met hul boerdery en ander aktiwiteite kon voortgaan (2 A & 2 B)
- Duisende swart Suid-Afrikaanse boere is uit hul land gesit en moes plaasarbeiders en arbeidshuurders op plase in blanke besit word (2 A)
- Swart kinders is ook onderwys geweier op plase in blanke besit (eie kennis)
- Alhoewel swartmense in die meerderheid was, het hulle slegs 7-8 % van die grond beset (2 B)
- Die Wet op Grond het ellende en armoede onder die swartes gebring, en sommige moes die plase, waarop hulle vir baie jare gewerk het, verlaat (2 C)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubiek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse d.w.s. **Toon geen of min begrip van hoe die Wet op Naturelle Grondbesit die lewens van swart Suid-Afrikaners beïnvloed het**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0-2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **Toon 'n mate van begrip van hoe die Wet op Naturelle Grondbesit die lewens van swart Suid-Afrikaners beïnvloed het**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige wyse om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3-5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **Demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die Wet op Naturelle Grondbesit die lewens van swart Suid-Afrikaners beïnvloed het**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6-8** |

(8)
**[50]**

**AFDELING B : OPSTELVRAE**

**VRAAG 3: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750**

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument, wat op relevante bewyse gebaseer is, deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak]

SINOPSIS
Met die skryf van hierdie opstel moet die leerders ‘n standpunt inneem, en al die veranderinge wat die Britse-regering aan die Kaap ingestel het, verduidelik. Hulle moet ook verduidelik hoe die Boere op hierdie veranderinge gereageer het.

HOOFASPEKTE
Leerders kan die volgende aspekte by hul antwoord insluit:

- Inleiding: Leerders moet ‘n gedagterigting volg deur óf saam te stem, of nie saam te stem, dat die Engelse ‘n beleid van Anglikanisering ingestel het nadat hulle in 1803 die Kaap in beheer geneem het.

UITBREIDING
Veranderinge wat deur die Engelse in die Kaap voorgestel is:

- Afskaffing van die slawernystelsel
- Anglikisering van instansies; skole, kerke . . .
- Engels word ‘n dominante taal
- Ordonnansie 50 van 1828 – tekort aan arbeid

Boere se reaksie op die veranderinge:

- Trekboere het hulself georganiseer en na die Noorde getrek
- Het die Britse owerheid verwerp
- Het geglo dat Britse owerhede teen hulle gediskrimineer het
- Het oor die Oranjerivier, na die Transoranje-streek getrek
- Mfecane het dit vir die Boere moeilik gemaak, maar hulle het gevorderde tegnologie gehad
- Die Boere (Voortrekkers) het paadjies geskei en verskeie leiers het in verskillende gebiede in Suid-Afrika gevestig

SLOT

- Enige relevante slot is aanvaarbaar

**[50]**

**VRAAG 4: DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG VAN 1899-1902**

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument, wat op relevante bewyse gebaseer is, deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak]

SINOPSIS
Daar word van die leerders verwag om die redes, wat tot die geveg tussen Britanje en die Boererepublieke gelei het, krities te bespreek, asook die redes waarom die Boere die oorlog beëindig het.

HOOFASPEKTE
Leerders moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
- Inleiding: Leerders moet 'n standpunt inneem en verduidelik of die franchise-regte die hoofredes was dat Brittanje ‘n oorlog teen Transvaal geloots het.

UITBREIDING
Britse belangstelling in Suid-Afrika:
- Ekonomiese redes
- Ontdekking van goud
- Politieke magstryd – Franchise-regte
- Rol van Jameson – gespanne verhoudings tussen die Engelse en die Boere
- Koers van die oorlog – strategieë wat deur albei partye geïmplementeer was
- Verdrag van Vereeniging
- Resultate van die oorlog
- Enige ander relevante antwoord

SLOT
Leerders moet die bespreking met ‘n relevante gevolgtrekking, wat op die opstel van toepassing is, saamvat.

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou